2003 Tydskrif vir Regswetenskap 28(2): 33-57

*KB Calitz*

# Die resepsie van arbeidsreg in Suid-Afrika

## Opsomming

In hierdie artikel word die resepsie en vroeë ontwikkeling van arbeidsreg in Suid-Afrika ondersoek. Die arbeidsregstelsels van beide Nederland en Engeland is hier aangepas by die plaaslike sosio-ekonomiese en politieke omstandighede. 'n Unieke dualistiese arbeidsregstelsel het ontstaan. Hierdie stelsel het afsonderlike voorsiening vir swart en wit werkers gemaak. Navorsing oor die resepsie van arbeidsreg in Suid-Afrika word gekompliseer deur die feit dat die 17de-eeuse koloniste geen instruksies gehad het m.b.t. welke regstelsel hier toegepas moes word nie. Die eerste hof, die Raad van Justisie het boonop geen redes vir beslissings verstrek nie. *Plakkaaten* van die Politieke Raad, die vroegste wetgewende liggaam, het ook geen materiële reg bevat nie. Die enigste wyse om vas te stel welke regstelsel en dus welke arbeidsregstelsel op die Kaap van toepassing was, is om die destydse arbeidsregpraktyke saam met die arbeidsregtelike erfenis van die koloniste te ondersoek. Die arbeidsverhouding tussen wit werkgewers en wit werknemers was gebaseer op die Romeinsregtelike *locatio conductio operarum*, 'n kontrak wat vrylik gesluit is en nie die persoonlike vryheid van die werknemer geraak het nie. In teenstelling hiermee was feodalisme wat aan die taan was in Nederland, waar die meeste koloniste vandaan gekom het, van toepassing op die arbeidsverhouding tussen wit werkgewers en swart werknemers. Die rede hiervoor blyk te wees dat die ongesofistikeerde inheemse werkers wat geen besittings gehad het nie (die Khoikhoi) werk en beskerming gesoek het by diegene wat grond besit het (die wit mense). Hierdie feodale verhouding het die vryheid van die werknemer beperk en sodoende ook 'n verlaging in die status van die werknemer (dienskneg/*vassal*) meegebring. Die posisie van die inheemse bevolking het gedegenereer van 'n posisie waar hulle vrylik tot 'n arbeidsverhouding kon toetree, tot een waar hulle gedwing was om werk by wit persone te soek. Dit is meegebring deur metodes wat deur die koloniste gebruik is en regsmaatreëls wat deur die verskillende regerings ingestel is ten einde 'n stabiele arbeidsmag te verseker. Alhoewel beide die Britse en Nederlandse regerings in Suid-Afrika gepoog het om inheemse arbeiders te beskerm teen verslawende praktyke, het beide hierdie regerings ook sekere onderdrukkende praktyke van die koloniste gewettig. Slawerny het 'n besliste invloed op arbeidsverhoudings aan die Kaap gehad. Wit persone het die Khoikhoi en slawe (donkerkleurige persone) met mekaar geassosieer. Die resultaat was dat wit persone wat arbeidstekorte ondervind het, van mening was dat hulle ook geregtig is op die arbeid van die inheemse bevolking. Sekere maatreëls soos die inboekstelsel, die paswette en die dopstelsel is geïmplementeer om arbeidstekorte die hoof te bied en het die effek gehad dat inheemse inwoners in 'n posisie gelyk aan dié van slawe gehou is.

*KB Calitz, Deeltydse Dosent, Departement Handelsreg, Universiteit van Stellenbosch.*

## The reception of labour law in South Africa

This article investigates the reception and early development of labour law in South Africa. The labour law systems of both the Netherlands and England were adapted to local socio-economic and political circumstances. A unique dual labour law system came about. This system made provision for black and white workers separately. Research into the reception of labour law in South Africa is complicated by the fact that the 17th-century colonists had no instructions as to which legal system to apply. Moreover, the first court, the Court of Justice, furnished no reasons for its decisions. Legislation in the form of *plakkaaten* of the earliest legislative body, the Political Council, did not contain any material law either. The only possible way of establishing which legal system and thus which labour law system applied to the Cape, is by investigating the labour law practices in place, together with the labour law heritage of the colonists. The labour relationship between white employers and white employees was based on the Roman *locatio conductio operarum*, a contract entered into freely and which did not affect the personal freedom of the employee. However, feudalism which was being phased out in the Netherlands where most of the early colonists came from, applied in respect of the labour relationship between white employers and black employees. The reason for this appears to be that the unsophisticated indigenous habitants who had no possessions (the Khoikhoi), sought work and protection from those who possessed land (the whites). This feudal relationship curtailed the freedom and thus brought about a change in the status of the employee (servant/vassal). The position of the indigenous people degenerated from one of being able to enter freely into a labour relationship to one of being forced to seek employment by white persons. This was brought about by methods used by the colonists and legal measures implemented by the different governments to ensure a stable labour force. Although the Netherlands and British governments in South Africa endeavoured to protect indigenous labourers from the practices 'enslaving' them, both governments legalised some of the oppressing measures practised by the colonists. Slavery had a definite influence on the labour relations in the Cape. White people associated Khoikhoi and slaves (dark-skinned people) with each other. The result was that white people who experienced labour shortages, regarded themselves as being entitled to the labour of indigenous people as well. Certain measures, such as the apprenticeship system, pass laws and the tot system were implemented to combat labour shortages and had the effect that indigenous people were kept in a slave-like position.

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word die resepsie van arbeidsreg in Suid-Afrika ondersoek. Daar sal aangetoon word dat beide die Nederlandse en Britse arbeidsreg in Suid-Afrika ingedra en hier by die plaaslike sosio-ekonomiese en politieke omstandighede aangepas is om tot 'n eiesoortige arbeidsregtelike stelsel te lei. Daar word gewys op die dualistiese stelsel wat ontstaan het, een stelsel hoofsaaklik vir wit werkers en 'n tweede stelsel vir swart werkers.

Die vroegste wit bewoners was Nederlanders wat in 1652 onder aanvoering van Jan van Riebeeck 'n verversingstasie kom stig het om verbygaande skepe van kos en water te voorsien. Om te beweer dat die koloniste die Romeins-Hollandse regstelsel van 1652 af hier ingedra het, sou 'n oorvereenvoudigde stelling wees. Eerstens was daar nie in daardie stadium die bewustheid dat so 'n stelsel bestaan het nie. Die term 'Het Rooms-Hollandts-Recht' is juis in 1652 vir die eerste keer deur Van Leeuwen gebruik as 'n sub-titel tot 'n boek "waarin alle materien van regten met alle de Tytulen ende wette van de

Roomsche Recht, voor soo veel die tot gebruyck kunnen dienen" saamgevat is.[1] Tweedens het die owerheid geen spesifieke instruksies oor watter regstelsel aan die Kaap moes geld aan Van Riebeeck gegee nie.[2]

Die Nederlandse State-Generaal, wat beskryf kan word as 'n kongres van gesante van soewereine magte, het gesag uitgeoefen oor gebiede wat gedek is deur die oktrooie wat aan verskillende maatskappye toegeken is, waarvan die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (V O I K) een was. Die State-Generaal kon verordeninge maak vir die Kompanjie-gebiede en die nedersetters het deur hulle dienskontrakte onderworpe geraak aan regsreëls wat die State-Generaal vir die gebiede kon verorden. Dienskontrakte van matrose en soldate wat in Nederland in diens van die Kompanjie getree het, het bestaan uit 'n "artyckelbrief" waarin sekere gedragsreëls vir diegene wat die skeepvaart sou meemaak, neergelê is. By aankoms in die nuwe kolonie het die reëls soos uiteengesit in die artikelbrief steeds gegeld. Die eerste hof aan die Kaap was geskoei op die lees van 'n skeepsraad soos ingestel deur die artikelbrief. Dit kan beskou word as die Kompanjie se dissiplinêre kode en die hoofbron van reg in Van Riebeeck se tyd.[3]

Met die instelling van vryburgers (soldate en matrose in diens van die Kompanjie wat vrygestel is van die verpligting om hulle volle dienskontrak uit te dien) in 1657, het die eerste aanduiding gekom oor watter reg aan die Kaap toegepas moes word. Die vryburgers het naamlik instruksies van Van Riebeeck ontvang om ter wille van die goeie orde te staan onder die "burgerlijcke wetten en rechten als na de vaderlantse ende Indiese manieren gebruyckelick is".[4] Dit is egter nie duidelik wat onder "vaderlant" verstaan moet word nie. Dit was klaarblyklik die gemenereg wat hier ter sprake was maar dit kon die gemenereg van Holland of een van die ander provinsies gewees het, aangesien daar nog nie iets soos 'n gemeenskaplike gemenereg vir die Nederlandse gebied bestaan het nie. Die *Republiek van Vereenigde Nederlanden* was 'n statebond waarbinne elke provinsie soewerein was. Daar was dus nie 'n algemene Nederlandse reg nie, maar wel afsonderlike Hollandse, Utrechtse en Friese gemenereg.[5] Die verwysing na die "vaderlantse" reg soos dit in Oos-Indië gegeld het, is ook nie van veel waarde nie, aangesien daar waarskynlik verwys word na die Statute van Bavaria wat weinig materiële reg en geen reëling van arbeidsverhoudinge bevat het nie.[6]

Die antwoord op die vraag watter regstelsel aan die Kaap gegeld het, moet egter nie so akademies aangepak word dat die ooglopende misgekyk word nie. Ten tyde van die kolonisering van die Kaap het daar reeds 'n mate van uniformiteit in die reg van die verskillende Nederlandse provinsies ingetree,

1 Swanepoel 1958:7.
2 Swanepoel 1958:11.
3 Hosten *et al* 1995:339.
4 Bosman en Thom 1955:103 soos aangehaal in De Wet 1958:167.
5 De Vos 1992:234 is van mening dat dié frase dui op die invoering van die Wes-Europese *Jus Commune* in die gedaante van die Romeins-Hollandse Reg in Suid-Afrika.
6 De Wet 1958:167.

aangesien die provinsie Holland die botoon gevoer het.[7] Die redes hiervoor is dat die setel van die invloedryke Hof van Holland, Zeeland en Wes-Friesland in Holland geleë was. Die Universiteit van Leiden waar Jan van Riebeeck se seuns gestudeer het, asook die setel van die State-Generaal, die hoogste gesaghebbende liggaam insake buitelandse betrekkinge het in die Hollandse stad s'Gravenhage vergader.[8] Daar kan dus aangeneem word dat die reg van die provinsie Holland die grootste invloed aan die Kaap uitgeoefen het.

Dit is verder duidelik uit aanhalings van Hendrik Crudop, wat in 1672 as fiskaal[9] aan die Kaap aangestel is en een van sy opvolgers, Pieter de Neijn, dat die Romeinse reg soos ontvang in die Nederlande, geag is op die Kaap van toepassing te wees. Crudop het aangehaal uit die werke van regsgeleerdes soos Joost de Damhouder, Domitius Ulpinianus en ook uit Justinianus se *Corpus Iuris Civilis*.[10] De Neijn, die eerste opgeleide regsgeleerde wat die pos van fiskaal beklee het, het gereeld Latynse aanhalings gebruik in sake waarin hy betrokke was.[11] 'n Inventaris van boeke in die besit van die Raad van Justisie, die hoogste krimimele en siviele hof aan die Kaap wat in 1685 ingestel is, toon ook dat boeke van toonaangewende Romeins-Hollandse skrywers tot beskikking van raadslede was.[12] Die sittings van die Raad van Justisie het egter *foribus clausus* (agter geslote deure) plaasgevind. Daar is ook nooit redes vir beslissings verskaf nie, aangesien die *stare decisis* (presedente-)stelsel nie toegepas is nie.[13] Dit is dus nie moontlik om vas te stel of die Romeins-Hollandse skrywers enige invloed op uitsprake van die Raad van Justisie gehad het nie.

In uitsprake van die Raad van Justisie is geen redes vir beslissings verskaf nie. Dit het tot gevolg gehad dat in latere uitsprake van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof wat van 1828 af die plek van die Raad van Justisie ingeneem het,[14] daar verwys is na die ou skrywers, uitsprake van die Hof van Holland en die Grote Raad van Mechelen, maar nie na beslissings van die Raad van Justisie nie.[15] Ná die instelling van die eerste 'Master and Servant Act' van1841 wat geskoei is op die lees van die Britse wet, het die meeste sake gehandel oor die interpretasie van dié wet en was daar nie 'n uiteensetting van gemeenregtelike beginsels nie.

'n Ondersoek na die resepsie van arbeidsreg in Suid-Afrika word verder bemoeilik deurdat dit nie as 'n aparte kategorie van die reg beskou is nie. 'n Dienskontrak is bloot beskou as 'n spesie van 'n huurkontrak, soos die posisie in die Romeinse Reg was. Daar is aanvaar dat die regsreëls wat op

7 Boeseken 1986:vii.
8 Boeseken 1986:viii.
9 Die fiskaal is aangestel om na die belange van die Kompanjie om te sien, moes as staatsaanklaer optree en was slegs verantwoordelik teenoor die Here XVII (Sien Visagie 1963:126).
10 Boeseken 1986:xii.
11 Boeseken 1986:xii.
12 Sien in die algemeen De Smidt 1998.
13 Visagie 1963:150.
14 Hosten *et al* 1997:352.
15 De Smidt 1981:83.

huurkontrakte van toepassing was, met geringe verskille ook op dienskontrakte van toepassing was.[16] Die bespreking van die dienskontrak is gewoonlik in vroeë Suid-Afrikaanse regsboeke slegs in 'n kort paragraaf of uiters in enkele bladsye binne 'n hoofstuk oor die huurkontrak behandel.[17] Die grootste deel van die bespreking is dan gewoonlik ook aan die 'Master and Servant'-wetgewing gewy en gemeenregtelike beginsels van toepassing op die dienskontrak is selde bespreek.

Soos hierbo aangedui, is dit nie moontlik om deur die bestudering van vroeë hofsake vas te stel wat die aard was van die arbeidsregstelsel wat hier bedryf is nie. Om na wetgewing van dié tyd te gaan kyk, soos uitgevaardig is deur die Politieke Raad, die vroegste regerende en wetgewende liggaam aan die Kaap, bring sodanige ondersoek ook nie veel verder nie. Die rede hiervoor is dat die plakkate van die Politieke Raad nie regsbeginsels uiteengesit het nie, maar slegs praktiese sake van plaaslike belang gereël het.[18] Alhoewel Van Riebeeck en die Politieke Raad geen eksplisiete wetgewende bevoegdheid gehad het nie, is die plakkate wat deur hulle uitgevaardig is, blykbaar deur die Here XVII goedgekeur, aangesien dié liggaam op hoogte gehou is van verwikkelinge aan die Kaap.[19]

Die enigste wyse om die aard van die arbeidsregstelsel aan die Kaap vas te stel, is om saam met die uitsprake van die Raad van Justisie en die plakkate van die Politieke Raad, ook die regserfenis van die koloniste te ondersoek, aangesien hulle sekerlik die regsreëls waarmee hulle vertroud was op arbeidsterrein sou toepas. Die bestudering van nie-regsbronne wat waardevolle inligting bevat oor die reëls wat op vroeë arbeidsverhoudinge van toepassing was, is dus essensieel by 'n ondersoek na die resepsie van arbeidsreg in Suid-Afrika.

## 2. Die arbeidsreg-erfenis van die vroegste koloniste

Ten tyde van die kolonisering van die Kaap het die feodale stelsel nie meer so 'n belangrike rol in die reëling van arbeidsverhoudinge in Wes-Europa gespeel nie en is die arbeidsverhouding toenemend deur die sogenaamde vrye dienskontrak gereël.[20] Feodalisme het, soos hieronder aangetoon sal word, egter aan die Kaap herleef en eeue lank 'n belangrike rol in die regulering van arbeid van veral swart werkers in Suid-Afrika gespeel. Om hierdie rede word die feodale stelsel, soos dit in Wes-Europa ten tyde van die kolonisering van Suid-Afrika bestaan het, hier bespreek. Hierbo is daarop gewys dat daar nie van 'n algemene regstelsel vir die Nederlande gepraat kan word nie, maar enkele universele kenmerke van die feodale stelsel word wel uitgelig.

16 *Boyd v Stuttaford* 4 Buch 1909-1911:523 op 524.
17 Nathan 1904:808 e. v.
18 Visagie 1963:143.
19 De Wet 1958:164.
20 Van der Ven 1967:9.

## 2.1 Feodalisme in Wes-Europa

Die feodale stelsel het aan persone met heersreg oor grond die bevoegdheid verleen om ook te heers oor persone wat op die betrokke grond verkeer het. Krygshere wat van die koning grond verkry het, het toegelaat dat lojale persone hulle op die grond vestig.[21] Dié landhere kon weer op hulle beurt deel van die grond wat aan hulle toegeken is, aan 'n leenman toeken, wat dit vir eie gebruik kon aanwend, die sogenaamde *beneficium*.[22] Die verhouding tussen die leenheer en leenman was dié van wedersydse trou en wederkerige regte en verpligtinge. Die leenheer moes die leenman in die gebruik en genot van die betrokke stuk grond beskerm en die leenman was sekere dienste, trou en gehoorsaamheid aan sy leenheer verskuldig.[23] Die leenman was onder die *mundium* van die heer. Aanvanklik was die dienste wat die leenman moes lewer slegs militêr van aard, maar later is die aard van die dienste deur gebruik in verskillende gebiede vasgestel.[24]

Toetrede tot die verhouding tussen leenheer en leenman het deur wilsooreenstemming geskied.[25] Die leenregtelike ooreenkoms was in sommige gevalle 'n lewenslange kontrak, waar daar nie die keuse was om die verhouding te beëindig nie.[26] Die verhouding wat so ontstaan het, kan getipeer word as 'n statusverhouding, dit wil sê een waarin die partye self nie veel seggenskap oor die inhoud gehad het nie.[27] In hierdie tipe verhouding het partye se regte en verpligtinge voortgevloei uit die status wat hulle binne die gemeenskap beklee het,[28] wat dikwels parallel was aan die status wat hulle binne die diensverhouding beklee het.

In 1914 was Otto von Gierke van mening dat die Germaansregtelike gevolgsverhouding, geskoei op die *treudienstvertrag* waarbinne die dienaar trou aan sy heer gesweer het en noodwendig sy vryheid ingeboet het, die voorloper van die leenverhouding was. Die leenverhouding het 'n sakeregtelike grondslag gehad en dié verhouding was volgens Von Gierke weer op sy beurt die voorloper van die vrye dienskontrak, gebaseer op die verbintenisreg. Skrywers soos Mitteis en Dopsch het die historiese band tussen die gevolgsverhouding en die leenverhouding weerlê en voorbeelde aangehaal van gevalle waar vry persone gedurende die Middeleeue hulle dienste teen vergoeding gelewer het.[29]

Die feit dat die leenman trou aan die leenheer verskuldig was en dat daar 'n inkorting van die vryheid van sommige leenmanne was, dui tog op 'n verband met die gevolgsverhouding. Behalwe die vrye leenmanne wat na

21 Van der Ven 1965:142.
22 Hosten *et al* 1995:297-298.
23 Hahlo en Kahn 1973:409.
24 Hahlo en Kahn 1973:371.
25 Dit was die posisie veral gedurende die tyd van Merovingen, een van die konings in die Frankiese periode (Fourie 1977:18).
26 Fourie 1977:18.
27 Selznick 1980:123.
28 Feenstra en Zimmerman 1992:262.
29 Feenstra en Zimmerman 1992:262-263.

eie keuse uit die verhouding met die leenheer kon tree, was daar ook die lyfeienes of horiges wat nie sonder die landheer se toestemming die plaas kon verlaat nie en ook hoof- en grondbelasting moes betaal. Die lyfeienes moes ook 'hand en spandiensten' verrig, wat dui op handearbeid. Die posisie van lyfeienes was tussen dié van 'n slaaf en leenman. Lyfeienes het, anders as slawe, wel regte en verpligtinge teenoor die buitewêreld gehad, maar was in 'n ondergeskikte posisie teenoor die leenheer.[30] Die Germaansregtelike[31] gevolgsverhouding en in 'n mindere mate die feodale stelsel het aan die leenheer regte oor die persoon van die leenman gegee. Hierdie tipe diensverhouding is in kontras met die Romeinsregtelike *locatio conductio operarum* wat 'n vermoënsregtelike diensverhouding,[32] waar die werknemer slegs sy arbeidspotensiaal verhuur het, daargestel het. In sy suiwerste vorm het dié Romeinsregtelike instelling nie aan die werkgewer beheer oor die persoon van die werknemer gegee nie.[33]

In die vroeë Middeleeue was arbeid die skaars produksiefaktor en was dit in belang van die leenhere om lyfeienes juridies onderdanig te hou en om hulle aan 'n "landheerlikheid" gebonde te hou. Met die toename in bevolking vanaf die 11de eeu, het arbeid volop geraak en grond was die skaars produksiefaktor. Lyfeienes is toegelaat om lyfeieneskap af te koop deur 'n jaarlikse pag te betaal en huurboerdery het ontstaan. Die leenheer se status het na dié van 'n landheer en die lyfeienes na dié van 'n huurboer verander.[34]

Die Swart Dood in die 14de eeu het die bevolkings in Wes-Europa laat krimp en landhere, wat 'n groot tekort aan arbeid ondervind het, het probeer om die ou horigheidsverhouding weer te herstel.[35] Die voormalige lyfeienes het egter deur winsgewende huurboerdery in baie gevalle oor genoeg middele beskik om die druk te weerstaan. Sosiale transformasie was reeds voltrek en die sosiale mobiliteit wat ontstaan het, het aan die landvolk die geleentheid gegee om deel van die *bourgeoisie* te word, deurdat hoër lone vir hul arbeid betaal is. Die sosiale transformasie het gelei tot stimulering van die ekonomie en feodalisme is geleidelik afgetakel.[36]

## 2.2 Die ontstaan van die vrye dienskontrak in Nederland

Alhoewel daar aanduidings is dat vrye dienskontrakte reeds sedert die 12de eeu in Nederland gesluit is,[37] het werklike ontwikkeling van die vrye dienskontrak

30 Hahlo en Kahn 1973:419; De Groot skryf in 1619-1621 dat daar nog in sy tyd uitsonderings bestaan het op die reël dat almal vry was. Die enkele 'onvrijen' moes nog 'lijfdiensten' verrig. (De Groot 1926:9).

31 De Groot en Van der Keessel is van mening dat die feodale kontrak eie is aan die Germaanse rasse. Daar is egter ook diegene wat meen dat die feodale stelsel sy oorsprong by ander rasse gehad het (Visagie 1974:7-10).

32 Fourie 1977:20.

33 Van der Ven 1965:168.

34 Terblanche 1982:64.

35 Terblanche 1982:64.

36 Terblanche 1982:65.

37 Van der Ven 1965:252.

eers met verstedeliking en industrialisasie in Europa plaasgevind.[38] Die behoefte aan 'n vrye dienskontrak het eers in die onmiddellike nabyheid van die stede ontstaan en later was daar ook op die platteland 'n behoefte aan "vrije landarbeid".[39]

Die regte en verpligtinge verbonde aan die Romeinse dienskontrak, die *locatio conductio operarum*, het na die resepsie van die Romeinse Reg (van die tweede helfte van die 15de eeu af tot die einde van die 16de eeu)[40] deel gevorm van die Nederlandse reg. Die dienskontrak is as 'n tipe van die huurkontrak *locatio conductio* [41] van die Romeinse Reg gesien. Volgens die Romeinse Reg kon die dienskontrak op vrywillige basis aangegaan word en kon dit deur enige van die partye met inagneming van vereiste kennisgewingperiodes opgesê word. Die beginsel waarop die *locatio conductio operarum* berus het, naamlik vryheid van kontraktering, waardeur die werker se privaatregtelike status nie deur die aangaan van die dienskontrak geaffekteer is nie,[42] het reëlreg verskil van die basis van die feodale stelsel. Laasgenoemde het partye se vryheid beperk om 'n nuwe diensverhouding aan te gaan en kon werkers in sommige gevalle lewenslank bind.[43]

Die dienskontrak is in die Romeinse Reg as 'n spesie van die huurkontrak gesien, gebaseer op eienaars se gebruik om slawe aan 'n ander persoon te verhuur. Na analogie van hierdie gebruik is 'n vry persoon beskou as die verhuurder (*locator*) van sy eie arbeid aan die huurder (*conductor*). *Locare operae* beteken om dienste uit te huur. Dit kon die persoon se eie dienste of dié van sy slaaf wees. Vergoeding (*merces*) moes betaal word aan die persoon wat die dienste verhuur het. Die vroegste vorm van die dienskontrak in die Romeinse Reg word aangetref in die pagstelsel waarvolgens persone deur 'n staatsamptenaar op die markplein gehuur is en so "bymekaargemaak" is om vir die staat te werk. Die vroegste betekenis van conducere is om saam te neem of bymekaar te maak.[44]

Die Romeine het nie veel gedink van 'n vry persoon wat homself teen betaling in diens van 'n ander gestel het nie, aangesien daar volop slawe was en daar van Romeinse burgers verwag is om 'n sekere mate van ekonomiese onafhanklikheid te handhaaf. Om hierdie rede en ook omdat dit bloot as 'n spesie van 'n huurkontrak beskou is, is skaars aandag aan reëls vir die dienskontrak gegee. Wat wel duidelik is, is dat die kontrakterende partye as gelykes binne 'n vermoënsregtelike verhouding beskou is en dat, in teenstelling met die feodale verhouding, daar nie sprake was van 'n verhouding waar 'n party 'n statusverandering by kontraksluiting ondergaan

38 Molenaar 1953:43.
39 Molenaar 1953:43.
40 Hosten *et al* 1995:309.
41 Romaniste onderskei tussen drie vorms van die *locatio conductio*, naamlik *locatio conductio rei* (die huur en verhuur van 'n saak), *locatio conductio operis* (die huur en verhuur van dienste, soos in die geval van 'n selfstandige kontrakteur) en *locatio conduction operarum* ( Sien Stoop 1994:202 e.v.).
42 Stoop 1994:193.
43 Hepple 1986:56.
44 Stoop 1994:202 e. v.

het nie. Die twee uiteenlopende stelsels waarop die diensverhouding gebaseer is, naamlik die diensverhouding as vermoënsregtelike verhouding[45] ooreenkomstig die Romeinse Reg en die feodale diensverhouding wat 'n verandering in die privaatregtelike status van die werker ooreenkomstig die Germaanse Reg meegebring het, het naas mekaar in Nederland bly bestaan totdat die feodale stelsel uitgefaseer is.

Romeins-Hollandse regsgeleerdes het, soos hulle Romeinse eweknieë, nie veel aandag aan die ontwikkeling van die dienskontrak geskenk nie. Die rede hiervoor is dat reëls vir die dienskontrak in plaaslike ordonnansies neergelê is.[46]

Om 'n beeld te vorm van die aard van die dienskontrak in Nederland tydens die stigting van die verversingspos aan die Kaap, moet daar noodwendig na die praktiese reëls van toepassing op die dienskontrak gekyk word. In die 17de eeu het daar reeds uitgebreide reëls vir dienskontrakte gegeld. Klasseverskille het sterk na vore getree. Die arbeidersklas, as die laagste groep op die sosiale leer, het in die 17de en 18de eeu in Nederland ontstaan. Diensbodewetgewing het vir "dienstboden dienstmaechden of Jonghwijfs, Dienaers, Ambachts-gesellen ende anderen, die haren dienst of arbeydt aan yemant voor seeckeren tijdt ... verbonden hebbe", gegeld.[47] Die reëling van die diensverhouding van huisbediendes en landbou-arbeiders toon 'n ooreenkoms met die reëls wat vir hierdie groep in Engeland gegeld het,[48] waar die verhouding deur die persone- en familiereg gereël is omdat daar 'n noue band tussen die werknemer en huisgesin bestaan het.[49]

Werknemers wat hulle diens verlaat het, kon byvoorbeeld beboet en gedwing word om hulle kontrak te voltooi. Lyfstraf vir oortredings was ook nie ongewoon nie.[50] Reëls wat die diensverhouding beheer het, het ingehou dat die werknemer die werkgewer behoorlik moes dien, hom/haar goed moes gedra en vir die ooreengekome periode moes werk. Onbehoorlike gedrag het diefstal, ontug met huisgenote, die dra van onbehoorlike weelderige klere en 'kwaadspreken' ingesluit.[51]

Die staat het kontrakbreuk deur werknemers strafbaar gestel maar nie kontrakbreuk deur meesters of werkgewers nie. Hierdie oënskynlike vooroordeel van die staat teenoor werknemers word as volg deur Fockema Andreae geregverdig op grond van die waarskynlike onvermoë van werknemers om skadevergoeding te betaal:

> Men heeft hierin geen brutaal meten met twee maten te zien. Bij herhaling blijkt, dat men de publieke straffen te verzekeren van de naleven van contracten veral daar nodig heeft geacht, en heeft gesteldt, waar te

45 Fourie 1977:4.
46 Fourie 1977:28.
47 Haagse plakkaat van 1608 (Van der Ven 1967:261).
48 Hepple 1986:55.
49 Kahn-Freund 1977:508-509.
50 Van der Ven 1967:9.
51 Molenaar 1953:48.

> vermoeden viel, dat de schadevergoeding niet te verhalen zou zijn, en dus de vooruitzicht, hiertoe verplicht te worden, niet van de contract zou terughouden.[52]

By die beëindiging van die dienskontrak in Nederland was daar 'n opseggingstermyn van toepassing. In die distrik Utrecht was dié termyn byvoorbeeld ses weke. In Groningen moes die werkgewer die werknemer 14 dae lank van voedsel voorsien as die werknemer siek was, maar die werker moes die meester deur 'n langer dienstermyn of vermindering in loon, skadeloos stel.[53] Gevalle is aangetref waar jeugdige werkers vir skoolbesoek ure vry gekry het.[54] Drostery of kontrakbreuk was tot na 1801 strafbaar met lyfstraf.[55]

Soos hierbo gesien is, was die werknemer binne die sogenaamde vrye dienskontrak ook nie heeltemal vry nie, aangesien diensbodewetgewing sy/-haar vryheid aansienlik ingekort het. Dit wil voorkom asof die diensbodewetgewing elemente van die Germaanse feodale gevolgsverhouding, wat gebaseer is op trou en gehoorsaamheid van die leenman ('n personeregtelike verhouding), op die vrye dienskontrak gebaseer op *locatio conductio operarum* van Romeinsregtelike oorsprong, wat 'n vermoënsregtelike verhouding impliseer, wou inplant. Dié verskynsel is waarskynlik te wyte aan die werkgewersklas wat ook politieke mag gehad het en nie sonder meer hulle gevestigde voorregte wou laat vaar nie.

Teen hierdie agtergrond en met hierdie arbeidsbetrekkinge-erfenis het die Nederlanders hul in Suid-Afrika gevestig. Die feodale stelsel het sterk posgevat in Suid-Afrika, ten spyte daarvan dat, soos hierbo getoon, dit in Europa besig was om in onbruik te verval. Die moontlike redes hiervoor sal hieronder bespreek word.

## 3. Vroegste arbeidsverhoudinge tussen wit mense aan die Kaap

Die vroegste arbeidsverhoudinge van wit mense onderling was dié tussen die Kompanjie en Kompanjie-dienaars. Hulle dienskontrakte is gereël deur die artikelbriewe van die Kompanjie wat die diensverhouding met die Kompanjie-amptenare gereël het. Die artikelbriewe moes deur die werknemers van die Kompanjie onderteken word voordat hulle Europa verlaat het. Dit het onder meer bepaal dat dié werknemers aan die Kompanjie trou en gehoorsaamheid verskuldig was.[56]

Die artikelbriewe het meestal uitermate streng strawwe vir dissiplinêre oortredings bevat en was duidelik slegs op werknemers van toepassing. Die kontrak met die Kompanjie is vir 'n periode van vyf jaar[57] gesluit en veral persone wat gepoog het om weg te loop is swaar gestraf.

52 Van der Ven 1967:104.
53 Molenaar I953:48.
54 Molenaar I953:50.
55 Molenaar I953:50-52.
56 Van Zyl 1907:143.
57 Schoeman 1999:96.

Aanduidings van die aard van die diensverhouding sou moontlik vasgestel kon word uit die vroeë plakkate van die kommandeurs en goewerneurs aan die Kaap. Dié plakkate is egter nie van veel nut nie, aangesien geen regsbeginsels in die plakkate neerslag gevind het nie. Praktiese sake soos dié wat hieronder genoem word, is aangespreek.

Vryburgers is verbied om mekaar se knegte (die benaming vir wit persone wat hulle dienste aan ’n ander beskikbaar gestel het) af te rokkel of op te stook, of huisvesting te bied aan werkers wat gedros het. Die voortdurende arbeidstekorte wat geheers het, het tot gevolg gehad dat die regering in ’n privaatregtelike verhouding ingetree het, ten einde die vrede te bewaar. (Plakkate van 5 Augustus 1660 en18 November 1672).[58]

Die persoonlike lewens van werknemers van die Kompanjie is gereël deur verskeie plakkate. ’n Werker kon byvoorbeeld nie trou sonder die toestemming van die kommandeur nie, werkers moes op ’n Sondag kerk toe gaan, anders sou hulle hul kwota wyn vir die week moes prysgee en indien hulle nie voor ete gebid het nie, moes hulle ’n boete betaal![59] Uit hierdie plakkate kan afgelei word dat dit nie hier oor die blote huur en verhuur van arbeid, naamlik ’n vermoënsregtelike verhouding gegaan het nie, aangesien die werkgewer (die Kompanjie) tot ’n groot mate beheer oor die persoon van die werknemer gehad het. Hier is duidelik elemente van die Germaansregtelike gevolgsverhouding aanwesig.[60]

Die diensverhouding tussen werknemers en ander werkgewers as die Kompanjie is gereël deur plakkate met die opskrif: “Nopens huur van knegte”.[61] Die woord “huur” dui aan dat die verhouding as ’n huurverhouding gesien is soos in die geval van die Romeinsregtelike *locatio conductio operarum*. Werkgewers was verplig om ’n skriftelike kontrak met ‘knegte’ aan te gaan en versuim sou met ’n boete strafbaar wees. “Knegte” moes ook toegelaat word om hulle diens by die verstryking van die kontrak te beëindig. Die plakkaat stel dit duidelik dat knegte wat die diens van hul meesters verlaat voordat die ooreengekome tydperk verby is, sal “sijn geheel bedongen loon of huur verliesen”. Hiermee word waarskynlik bedoel dat hy ook sy loon verloor vir die tydperk wat hy wel diens gelewer het (Plakkaat van 29 September 1692).[62] Hierdie praktyk is in ooreenstemming met die Romeins-Hollandse Reg vir sover dit betrekking het op die diensverhouding, soos uiteengesit deur Voet en Van Leeuwen.[63] Die feit dat dit nodig was om hierdie plakkaat te verorden, toon dat werkgewers hulle werknemers verplig het om langer as die ooreengekome tyd te werk.

58 Jeffreys 1944:60 en 120.

59 Sien die bespreking van hierdie bepalings in J de V Roos 1906:252.

60 Otto von Gierke beskou die diensverhouding gebaseer op die vrye dienskontrak as ’n uitvloeisel van die gevolgsverhouding/troudiensverhouding wat later in ’n feodale verhouding oorgegaan het. Skrywers soos Ludwig Mitteis weerlê egter die verband tussen die gevolgsverhouding en die leenverhouding (Feenstra en Zimmerman 1992:262).

61 Jeffreys 1944:276.

62 Jeffreys 1944:276.

63 Sien *Bassamadoo v Morris* 6 SC 30

In sake wat deur die Raad van Justisie beslis is, is daar deur verteenwoordigers van partye verwys na die gebruike van die Verenigde Nederlande en die algemene toepassing van Romeinse Reg in die Nederlande.[64] Die fiskaal Hendrik Crudop het na die *Corpus Juris Civilis* en na die werke van Damhouder en Groenewegen verwys.[65] Dit moet egter in gedagte gehou word dat die *stare decisis*-reël nie deur die Nederlandse howe en ook nie deur die Raad van Justisie gevolg is nie. Die hofrekords van die Raad van Justisie gee net die uitspraak weer en nie die redes vir die uitspraak nie, sodat, soos hierbo aangetoon is, dit onseker is of die Raad van Justisie enigsins deur die aangehaalde gesag beïnvloed is. Wat opval is die uitermate streng strawwe wat aan oortredende werknemers opgelê is.

Sake wat as "arbeidssake" geklassifiseer sou kon word, het meestal gehandel oor die arbeidsverhouding tussen die Kompanjie en Kompanjiedienaars. 'n Aantal van dié sake word hieronder bespreek. Die artikelbriewe wat gebruik is om reg en orde op skepe te handhaaf was op hierdie werknemers van toepassing, dus 'n tipe skeepsreg wat nie betrekking gehad het op die algemene diensverhouding nie.

Die heel eerste vonnis wat opgeteken is, is dié van Jan Planx van Mechelen wat as bosskieter op die jag *Goede Hoop* na die Kaap gekom het. Hy is op 8 Julie 1652 aangekla van insubordinasie. Hy is naamlik deur Van Riebeeck aangespreek om sy kruiwa vinniger te stoot waar hy (Van Mechelen) aan versterking van die fort se muur gewerk het. Hierop het hy sonder respek en met baie vloeke geantwoord dat dit nie sy werk is om kruiwa te stoot nie en 'n dreigende houding teenoor Van Riebeeck ingeneem. Die Raad het besluit om hom swaar te straf om as voorbeeld te dien, sodat orde gehandhaaf kon word. Die vonnis was dat hy drie maal van 'n skip se ra laat val sou word en vyftig houe sou kry.[66]

Op 4 September 1652 het Van Riebeeck, sy vrou en die sieketrooster en dié se vrou langs die rivier piekniek gehou toe 'n besope korporaal, Joost van der Laeck, 'n tamboerslaner beveel het om sy tamboer te slaan. Van Riebeeck het versoek dat dit gestaak word, aangesien hy hoofpyn gehad het. Die korporaal het beledigende taal teenoor Van Riebeeck gebesig en die tamboerslaner beveel om voort te gaan. Hy het hom ongenooid gehelp aan die ete wat vir Van Riebeeck en sy geselskap voorgesit is en deurgaans onbeskof en beledigend teenoor Van Riebeeck opgetree, totdat hy met geweld verwyder is. Hy het onder meer kwytgeraak dat hy nie aan Van Riebeeck ondergeskik is nie, aangesien hy die bevelvoerder oor die leër is. Dit is waarskynlik dié opmerking wat tot gevolg gehad het dat hy aangekla is van die misdaad *crimen laesae majestatis* (misdaad teen die staatsgesag) en *iniuria* (aantasting van 'n persoon se reputasie en waardigheid). Die invloed van die Romeinse Reg is duidelik te sien in die formulering van die klagtes. Daar is egter geen aanduiding van die bronne waarop gesteun is nie. Daar word wel gesê dat die gedrag nie in ooreenstemming met die

64 Botha 1913:293; 1935:169.

65 Hewett 1999:14-135; Visagie 1963:152-155.

66 Boeseken 1986:i.

artikelbrief is nie. Die uitdagende gedrag teenoor Van Riebeeck is nie bloot as subordinasie beskou nie, maar as 'n aantasting van die staatsgesag, aangesien Van Riebeeck die State-Generaal verteenwoordig het. Van der Laeck het redelik lig daarvan afgekom en is geskors uit sy pos totdat daar bewys sou wees dat hy hom beter sou gedra. Hy is weer in sy pos aangestel teen die einde van 1652 nadat hy deur Van Riebeeck begenadig is.[67]

In enkele ander sake voor die Raad van Justisie is gedrag wat bloot as insubordinasie beskou sou kon word, ook as misdade teen die staat of as muitery beskou. 'n Voorbeeld van so 'n geval is dié van die bosskieter Pieter Janz Backenier, wat saam met vier weglopers gemurmureer het oor hulle te veel vis en pikkewyn en selde vleis gekry het. Hy het ook in die teenwoordigheid van ander Kompanjie-dienaars gesê dat hy ook sou wou wegloop nadat die gemelde vier persone weggeloop het. Die klagstaat het gelui dat hy volgens die artikelbrief, wat hy as dienaar van die Kompanjie geteken het, weens sy gedrag skuldig was aan "alle onheilen, muiterij ende murmeratie ... ende opmaeckinge onder den volcke, waardoor de Companjies fortresse ende andere nodigheden souden gefrustreert blijven als schuldige obdientie, regelrecht strijdende tegens den generale articulbrieff...". Sy straf is dat hy deur die Raad, ook as 'n voorbeeld aan ander, "condemneren gebracht te worden op't jacht te Goede Hoop daer men gewoon is sodanige justisie te administreren ende aldaer drie mael van de rheede te laten vallen en met hondert voor de mast gelaerst te worden."[68]

Die rede vir die klassifisering van insubordinasie as muitery en die streng strawwe wat toegepas is, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die omstandighede aan die Kaap, waar 'n brose samelewing gevestig is, sodanig was dat die voortbestaan van die vroeë koloniste afgehang het van streng dissipline. Interessant is ook die gebruik om oortreders na 'n boot te neem om hulle straf dan daar toe te dien. In bogenoemde geval was die beskuldigde ook nie 'n matroos nie, maar wel 'n "bosskieter" en hy is na die boot geneem omdat dit volgens die verslag van die vonnis die gewoonte was. Die klassifisering van die oortreding as muitery toon hoe sterk die invloed van skeepsreg-dissipline ingewerk het op vroeë arbeidsverhoudings tussen die Kompanjie en sy werknemers aan die Kaap.

Enkele sake waar privaatwerkgewers eise teen hulle werknemers ingestel het, is ook opgeteken. Voorbeelde van vroeë sake word ook hieronder bespreek.

In 1667 word Hendrick Albertz van Eupen deur Jan Pieterz ter Mare aangekla dat hy dronk was, geslaap het en as gevolg daarvan die wa en beeste wat aan hom toevertrou was in die wildernis laat loop het. Toe sy werkgewer hom wek deur "met de sweep sachteleijk op de rugge sloeg", het hy opgespring en sy werkgewer geslaan. Sy perd, wat aan sy werkgewer behoort het, het weggeloop. Die werknemer is na Robben Eiland verban om daar sonder vergoeding vir een jaar te werk. Hy moes ook die helfte van die koste van die verlore perd betaal.[69]

67 Hierdie saak word meer breedvoerig bespreek in Hewett 1999:131 e. v.

68 Boeseken 1986:14-16.

69 Boeseken 1986:171-172.

Coenraad Visser het sy kneg Zacharius Pieter von Straalsund aangekla dat hy gedros het en bedrog gepleeg het. Die kneg is tot lyfstraf gevonnis.

Jan Leendertz, skaapwagter van Jacob Cloete, is deur die Raad gevonnis tot die betaling van skadevergoeding, aangesien hy sy werkgewer se skape verwaarloos het.[70]

Bogenoemde sake toon dat alhoewel die diensverhouding tussen wit mense op kontrak gebaseer is, die kontrakbreuk van werknemers nie altyd net as privaatregtelike nie, maar ook as publiekregtelike aangeleenthede gesien is. Die staat het met strafregtelike sanksies werkgewers gehelp om hul werknemers onder beheer te hou.

Eise van werknemers teen werkgewers kom selde voor. In 1666 het Jurgen Siewers van Bergen wel 'n saak aanhangig gemaak teen Hans Ras van Angel wat hom gedwing het om werk te doen waarvoor hy nie gehuur is nie. Die hof het gelas dat die verweerder die eiser ses guldens moes betaal om sy skape op te pas en agt guldens indien hy ander werk moes doen.[71] Uit hierdie saak blyk dit dat die dienskontrak gesien is as 'n huurkontrak, aangesien die woord "huur" ten opsigte van die kontrak gebruik is en daar oor 'n spesifieke taak ooreengekom is. Die eise van die werkgewer buite hierdie omskrewe taak is klaarblyklik deur die Raad van Justisie as kontrakbreuk gesien.

## 4. Vroegste arbeidsverhoudinge tussen koloniste en inheemse arbeiders aan die Kaap[72]

### 4.1 Die eerste arbeiders in diens geneem

Die opdrag van Jan van Riebeeck en sy geselskap om water en vars landbouprodukte aan verbygaande Nederlandse skepe in die Kaapse hawe te verskaf,[73] het implikasies vir natuurlike sowel as menslike hulpbronne gehad.

Aangesien die grond aan die Kaap arm was en die reënval wisselvallig, moes groot stukke grond bewerk word om 'n bruikbare opbrengs te lewer. Die koloniste het arbeid nodig gehad om die verlangde produkte te kweek en die Goringhaikas (Strandlopers) wat 'n klas besitlose Khoikhoi was, is in diens geneem.[74] Hulle het van die hand na die mond geleef en anders as die veeryke Khoikhoi-stamme in die binneland, het die Goringhaikas die teenwoordigheid van wit mense aan die Kaap verwelkom, hoofsaaklik vir beskerming teen ander stamme en ook vir voedsel en huisvesting. Die eerste arbeidsooreenkoms is in Oktober 1659 gesluit toe 'n aantal Khoikhoi die reg verkry het om hulle op 'n stuk grond naby die fort in ruil vir hul dienste te vestig. Eers het die Khoikhoi hul families by die kraal gelaat, later

70 Boeseken 1986:xxxii.
71 Boeseken 1986:xxx.
72 Sien in die algemeen Calitz 2000:794 e. v.
73 Boucher 1991:61-62.
74 Bredekamp 1982:77.

het hulle almal asook hul vee saamgebring en hulle in die nabye omgewing van die wit mense gevestig.[75]

Die werkers moes hoofsaaklik visvang en water en hout aandra en ook help met die verbou van groente en vrugte. Hulle het slegs *in natura*-vergoeding in die vorm van graan, groente en vrugte, tabak, alkohol, kalwers en lammers ontvang.[76] Daar is geen aanduiding dat 'n formele dienskontrak ooit met werkers gedurende hierdie tyd gesluit is nie. Daar was ook geen voorskrifte in dié verband van regeringskant nie.

Dit wil voorkom asof 'n tipe feodale verhouding eerder as 'n diensverhouding geskoei op die Romeinse *locatio conductio operarum* ontstaan het. Laasgenoemde dui op 'n verhouding waarbinne 'n onafhanklike persoon sy dienste aan 'n ander in ruil vir vergoeding verhuur. Die Khoikhoi het nie meer onafhanklik gewoon nie en hul selfstandigheid en dienste in ruil vir beskerming en onderhoud prysgegee. Hulle het wel nog 'n mate van selfstandigheid behou deurdat hulle in ruil vir arbeid wat die skaars produksiefaktor was, die reg verkry het om hulle vee aan te hou op 'n stuk grond, die volop produksiefaktor.[77] Die reg op grond wat die Khoikhoi só verkry het, is soortgelyk aan die *beneficium* van die feodale stelsel in Europa. Dié tipe arbeidsverhouding, wat diensverhoudings met die inheemse bevolking betref, was blywend in die Kaap en is ook later deur koloniste dieper in die binneland toegepas. Dit wil voorkom asof beide die vroegste arbeidsbetrekkinge tussen koloniste onderling en koloniste en die inheemse bevolking aan die Kaap, aspekte van 'n feodale verhouding bevat het. Die vraag is waarom die feodale stelsel in Suid-Afrika posgevat het terwyl dit in Europa en die Nederlande ten gunste van die vrye dienskontrak veld verloor het. Die antwoord is moontlik te vind in die feit dat die feodale stelsel in Wes-Europa eers met verstedeliking in onbruik verval het.[78] Vir 'n gemeenskap wat rondom die landbou georganiseer was, soos die Kaap, en waar die swakker, besitlose klas hulle by die sterker grondeienaar vir beskerming en onderhoud geskaar het, was die feodale stelsel die aangewese model vir sosio-ekonomiese ordening.[79]

Soos koloniste al hoe meer grond dieper die binneland in beset het en daar minder grond vir die Khoikhoi beskikbaar was, was laasgenoemde verplig om by wit boere in diens te tree, anders sou hul geen woonplek hê nie. Dit was die enigste manier vir die Khoikhoi om weiding vir hulle vee te verkry. Deur die aanhou van 'n eie veetrop het hulle 'n mate van selfstandigheid behou.[80]

Die diensverhouding van die inheemse werker en die wit werkgewer was aan die begin soortgelyk aan dié van die leenman in Nederland, met ander woorde die inheemse werker kon die kontrak uit vrye keuse sluit en dit beëindig.[81]

75 Elphick 1977:176.
76 Bredekamp 1982:84.
77 Bredekarnp 1982:77.
78 Sien die bespreking van veranderde arbeidsverhoudinge in Europa hierbo.
79 Selznick 1980:123.
80 Elphick en Malherbe 1990:17-22.
81 Molenaar 1953:Deel 1:43.

Met grond wat skaarser geword het, die uitwissing van die Khoikhoi se veetroppe deur ruilhandel en hul verlies aan grond en gepaardgaande onafhanklikheid,[82] herinner die Khoikhoi se verhouding met die werkgewer al meer aan dié van 'n feodale landheer met lyfeienes of horiges. Die lyfeienes was nie vry om die grond van die landheer sonder toestemming te verlaat nie en hul posisie was baie naby aan dié van slaaf.[83] Die aanvanklike heer-kliënteverhouding tussen die wit boer en die Khoikhoi het deur verskillende stadiums tot dié van lyfeienes gedegenereer.[84] Die heer-kliënteverhouding het in 'n paternalistiese stelsel verander. Die "baas" het meer gesag oor sy werkers begin kry. Hulle verhouding met hom was soos dié van kinders teenoor 'n vader in die sin dat die baas van die plaas beheer oor die werkers se doen en late gehad het. Die strawwe wat aan hul toegedien is, was egter nie vaderlik toegepas nie, maar gewelddadig.[85] Die werkgewer se versorgingsplig wat uit die paternalistiese stelsel moes voortvloei, is nie altyd nagekom nie. Dié stelsel het al meer na absolute beheer geneig. Van 'n vrye dienskontrak in die vorm van *locatio conductio operarum* waarin 'n werker by kontraktering seggenskap sou hê oor die bedinge in die kontrak, was daar onder hierdie omstandighede nie sprake nie. Selfs toetrede tot die diensverhouding het nie vrywillig geskied nie, aangesien wette teen landlopery en 'n skaarste aan grond die inheemse bevolking van 'n selfstandige bestaan ontneem en gedwing het om by wit mense in diens te tree.[86]

## 4.2 Die invloed van slawerny op arbeidsverhoudinge aan die Kaap

Slawe moes na die Kaap ingevoer word omdat die Khoikhoi nie 'n geskikte arbeiderskorps was nie. Hul kultuur het hulle ongeneë gemaak om harde fisiese werk vir lang periodes te verrig. Liggaamlike en fisiese inspanning was volgens hul tradisies slegs bedoel vir tye van nood.[87] Hulle nomadiese bestaan het veroorsaak dat hulle nie lank op een plek gebly het nie en verder was hulle liggaamsbou te klein vir harde werk. Die Khoikhoi het ook

82 Elphick en Malherbe 1990:17-22.

83 'n Plakkaat van 18 April 1803 van die Bataafse goewerneur de Salis, het skriftelike dienskontrakte voorgeskryf weens 'die verwydering tussen de landbouwers en de Hottentotnatie'. Die 'verwydering' skryf de Salis toe aan boere wat nie die ooreengekome loon aan werkers wou betaal nie en boere wat werkers en hulle familie weerhou het om te trek asof hulle die boer se eiendom was (Proklamasie van 1 November 1809 in Naudé 1951:24).

84 Giliomee 1990:463.

85 Ross 1983b:39.

86 Reeds teen die einde van die 18de eeu was daar feitlik geen grond vir die Khoikhoi beskikbaar om 'n selfstandige bestaan op te maak nie (Marais 1968:114). In 1887 het die owerhede aan die Kaap die Khoikhoi op gelyke voet met die slawe geplaas deurdat dié wat nie 'n vaste woonplek of werk gehad het nie, na die slawelosie gestuur is (Elphick en Giliomee 1990: 564). In 1794 is koloniste toegelaat om gewapende Khoikhoi wat nie in diens was nie op aanklag van drostery te arresteer (Proklamasie van 23 Oktober 1793 in Giliomee 1990:464).

87 Bredekamp 1982:79.

neergesien op tuinbou, aangesien hulle van veldkos geleef het en nooit graan of groente verbou het nie.[88] Werk is as ’n tydelike aktiwiteit beskou en is dikwels gedoen om een of ander luukse item te kon bekostig.[89]

Weens bogenoemde redes was daar ’n tekort aan ’n permanente arbeidsmag aan die Kaap. Vertoë is tot die Kompanjie gerig om slawe in te voer, aangesien die Kompanjie nooit oorweeg het om die Khoikhoi te verslaaf nie.[90] Die Kompanjie wou in ruil vir vee vriendskaplike bande met die inheemse bevolking handhaaf.[91]

Die eerste slawe is in 1658 van Dahorney en Angola ingevoer.[92] Die regsposisie van slawe is deur ’n gemodifiseerde vorm van die Romeinse regsreëls van toepassing op slawe en in die laaste deel van die 18de eeu deur die Statute van Bavaria van 1766 gereël.[93] Alhoewel slawe volgens dié statute sekere regte geniet het, soos om hul eienaars te kon verkla indien hulle mishandel is, het hul *de facto*-posisie aan die Kaap in ’n groot mate verskil van hul *de jure*-posisie.[94]

Slawerny aan die Kaap word dikwels ook gesien as 'n paternalistiese stelsel waar die eienaar op ’n vaderlike manier teenoor die slaaf opgetree en na sy welsyn omgesien het. Ross beskryf slawerny ter plaatse egter as “harsh, brutal and bloody”.[95]

Die slawe en die Khoikhoi het geleidelik geassimileer. Die slawe was almal donker van kleur en die laagste klas in die samelewing. Die wit mense was die hoogste klas en tussen hulle en die slawe was die Khoikhoi. Aanvanklik het die Khoikhoi moeite gedoen om hul apart te hou van die slawe op wie hul neergesien het.[96] Dit is ironies in die lig daarvan dat baie slawe ’n hoë beskawingspeil gehad het, kon lees en skryf en dat sommige uitstekende vakmanne was.[97]

Die wit mense het die Khoikhoi en die slawe met mekaar geassosieer, alhoewel daar uit ’n regsoogpunt ’n wye kloof tussen die Khoikhoi as vry mense en die slawe as besittings van hul meesters was. Marais verklaar die houding van blankes as volg: “It was natural that in a colony where slavery

88 Theal 1910a:73.

89 Theal 1910b:108.

90 Die Here XVII se opdrag aan Van Riebeeck ten opsigte van die behandeling van die inheemse bevolking het ingehou dat hulle as 'n vry bevolking hanteer moes word en dat 'n goeie verhouding met hulle gehandhaaf word. (Ross 1979: 69).

91 Elphick 1977:102.

92 Die meeste slawe het van Indonesië, Indië, Ceylon (Sri Lanka) en Madagaskar gekom. Enkeles het van Mosambiek gekom (Thompson 1990:36).

93 Visagie 1969:89.

94 De Beer 1996:224.

95 Ross 1983a:38. As bewys vir die stelling van Ross dien die plakkaat van 10 Julie 1731 waaruit blyk dat slawe dikwels so mishandel is dat dit tot hul dood gelei het. Die plakkaat verbied dat so ’n slaaf in die geheim begrawe word (Venter 1948: 149).

96 Ross 1983a:50.

97 Worden 1982:20.

flourished, the European should regard all coloured labour from a slave owner's point of view".[98]

## 5. Dwangmaatreëls waardeur 'n feodale afhanklikheidsverhouding bevorder is

Voortdurende arbeidstekorte, selfs nadat slawe ingevoer is, het tot gevolg gehad dat koloniste sekere dwangmaatreëls aangewend het om werkers wat voorheen vry was, aan plase te bind. Assosiasie van die Khoikhoi met slawe het die proses aangehelp, omdat dit dwangmaatreëls teenoor sogenaamde "vry swartes" geregverdig het.[99]

Die "apprenticeship" of inboekstelsel het 'n tipe dienskontrak ingestel waarvolgens eers die kinders van slawe en later Khoikhoi-arbeiders se kinders vir die ouers se werkgewer tot en met hulle 25ste jaar moes werk, indien die werkgewer hulle tot hul agtste jaar onderhou het.[100] Dié stelsel het die kinders van vry werkers in 'n posisie geplaas wat skaars van slawerny onderskeibaar was, terwyl die naam te kenne gee dat dit veronderstel was om soortgelyk te wees aan die leerlingskapkontrakte van die gildes in Nederland en die Britse "apprenticeship"-stelsel. Kinders wat aan die Kaap ingeboek is, het sonder vergoeding gewerk en 'n byvoordeel vir werkgewers was dat die ouers van die kind nie geneë sou wees om die diens van die werkgewer by wie hulle kind ingeboek was te verlaat nie.[101] Werkgewers het soms geweier om werkers toe te laat om hulle kinders saam te neem as die ouers se dienskontrak ten einde geloop het en hulle wou trek.[102]

Paswette wat vroeër net op slawe van toepassing was, is uitgebrei om omstreeks 1787 ook op vry werkers van toepassing te wees.[103] Paswette sou in die eeue daarna 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis speel. Wette teen landlopery in kombinasie met paswette het die Khoikhoi gedwing om by wit mense in diens te tree, omdat persone wat nie 'n vaste woonplek gehad het nie en rondbeweeg het, gearresteer kon word. Die gevolg was dat werkgewers nie nodig gehad het om mee te ding om arbeiders te bekom deur goeie lone en aangename werksomstandighede aan te bied nie. Mededinging om arbeiders wat andersins deur arbeidstekorte gestimuleer sou word, is hierdeur uitgeskakel. Werkgewers was verseker van 'n gevange arbeidsmark. Die Khoikhoi is in 'n tipiese feodale verhouding met 'n lae status geplaas. Hulle het feitlik geen bedingingsmag by die aangaan van 'n

98 Marais1968:112.

99 Worden 1982:20.

100 Sien in die algemeen Venter 1934:25. In *Barendse v Danielse* (1857) Watermeyer 11 het dit aan die lig gekom dat 'n baba van 10 maande op sterk aandrang van die moeder se werkgewer by hom ingeboek is.

101 Venter 1934:25.

102 Daar was werkgewers wat gepoog het om inboekelinge saam te neem wanneer hulle getrek het. Die howe het die ouers nie in alle gevalle te hulp gekom om hulle kinders te behou nie. Sien *Hurter v Isaac* 1828-1849 (3) Menzies Reports 86

103 Elphick en Malherbe 1990:17-22.

dienskontrak gehad nie en kon die diensverhouding ook nie uit vrye keuse beëindig nie.

Teen die einde van die 18de eeu was daar feitlik nie meer grond vir die Khoikhoi beskikbaar om 'n selfstandige bestaan te maak nie. Tot op daardie tydstip kon hulle nog titelaktes op grond bekom. Dit was egter net in teorie, want in die praktyk was hulle uitgesluit van grondbesit.[104] Die Khoikhoi het weens die tekort aan grond wat hulle nodig gehad het om 'n selfstandige bestaan te voer, hulle vermoë verloor om arbeid te weier en as gevolg daarvan "gedwonge" arbeid verrig. Kleinboere wat vroeër selfstandig was, het hulle as huurarbeiders (labour tenants) op plase gevestig. Hulle, en soms hulle gesinslede, moes arbeid aan die boer verskaf in ruil vir die reg om op 'n deel van die plaas te boer. Soms het hulle 'n geringe kontantloon ontvang. Deur te weier om werknemers se loon by die verstryking van die kontrak te betaal, kon werkgewers daarin slaag om hulle aan plase te bind.[105]

Dit is veral die arbeidsregtelike posisie van die huurarbeider wat as die grootste deel van sy vergoeding die reg gehad het om op 'n deel van die plaas van die werkgewer te boer wat herinner aan dié van 'n leenman in 'n feodale bestel. Dit is nie altyd duidelik watter tipe kontrak hier aangegaan is nie. Dit sou gesien kon word as 'n huurkontrak (*locatio conductio rei*)[106] waar die betaling van die huur (*merces*) vir die grond in die vorm van arbeid was, of 'n dienskontrak (*locatio conductio operarum*) waar die betaling vir die dienste die gebruik van 'n stuk grond was. Die werknemer kon deur blote kennisgewing van die werkgewer se kant ontslaan word. Ontslag het beteken dat die huurarbeider sy tuiste, weiding vir vee en die vermoë om te plant en te saai verloor. Die mag oor grond het aan wit mense ook mag gegee oor hul arbeiders, wat meestal swart mense was.

Die dopstelsel het ook 'n groot bydrae gelewer om gedienstigheid by swart werknemers te kweek. Dié stelsel het ontstaan toe koloniste begin het om veral op wynplase drank aan hulle arbeiders as deel van hulle loon te verskaf. Verslawing aan drank was 'n uiters effektiewe manier om werkers aan werkgewers te bind.[107]

Paternalistiese optrede van wit werkgewers het die werknemers in 'n kinderlik-afhanklike posisie gehou. Baie werkgewers het hulle werknemers beskou as "kinders" vir wie hulle verantwoordelik was. Eweneens het werkgewers as 'n tipe *pater familias* feitlik absolute beheer oor werkers en hulle families gehad.[108]

Die Khoikhoi was baie kwesbaar vir genoemde onderdrukkende metodes, aangesien hul brose stamverband met die koms van die wit mense verbreek is. Hulle het geen politieke mag gehad nie en was in 'n toestand van afhanklikheid. Die Khoikhoi was in dieselfde posisie as die slawe oor wie blanke werkgewers absolute beheer gehad het. Die feit dat die Khoikhoi nie

104 Elphick en Malherbe1990:41.
105 Du Toit en Giliomee 1983:36.
106 Fourie 1977:5.
107 Ross 1982:87.
108 Neethling 1954:64.

meer selfstandig kon bestaan nie, het 'n konstante bron van arbeid vir blankes verseker.[109]

## 6. Vroeë arbeidswetgewing

Beide die Nederlandse en Britse regerings het in Suid-Afrika, aan die een kant, sommige onderdrukkende praktyke van koloniste geduld en selfs deur wetgewing gesanksioneer. Aan die ander kant is maatreëls aanvaar om die inheemse bevolking teen die koloniste te beskerm. Onderdrukkende praktyke is egter geduld ter bevordering van die strewe na orde, stabiliteit en 'n lewensvatbare ekonomie. Wetgewing wat byvoorbeeld die dra van passe en die inboekstelsel wat hieronder bespreek word, afgedwing het, het die heersreg van wit mense versterk.[110]

Die Nederlandse regering het vroeg al die inboekstelselsel — wat aanvanklik net op kinders van slawe van toepassing was — na vry swart persone uitgebrei. Daardeur is swart persone in die diens van wit persone ingedwing. Om inheemse werkers egter te beskerm, het Kommissaris-generaal De Mist van die Nederlandse regering gedurende die Bataafse tydperk verorden dat alle dienskontrakte met lede van die inheemse bevolking wat drie maande en langer sou duur, beëdig moes word.[111] Dié stap is geneem om te voorkom dat koloniste arbeiders sou dwing om in diens te bly nadat die kontrak reeds verstryk het onder die voorwendsel dat 'n kontrak met 'n lang tydsduur aangegaan is. Werkgewers se tugtigingsreg is terselfdertyd ook deur De Mist aan bande gelê. Met hierdie maatreëls het die regering gepoog om van die misbruike van die paternalistiese statusverhouding na 'n stelsel van vrye kontraktering weg te beweeg.

Die Caledon-kode van I November 1809[112] wat deur die Britse regering ingestel is, het arbeiders aan hul werkgewers gebind deurdat verorden is dat elke "Hottentot"[113] 'n vaste verblyfplek moes hê en 'n sertifikaat van die fiskaal of landdros moes verkry om van een distrik na 'n ander te beweeg. Die fiskaal of landdros van die distrik waarheen die 'Hottentot' gereis het, moes dit aanteken. 'n "Hottentot" wat dié maatreëls verontagsaam, sou skuldig wees aan landlopery. Strafmaatreëls is ook vir kontrakbreuk ingestel. Inheemse werkers is hierdeur ontmoedig om van werkgewer te verander. Om werknemers te beskerm, het die Caledon-kode verorden dat dienskontrakte van langer as een maand skriftelik aangegaan moes word. Dié kontrak moes besonderhede bevat soos die loon, diensvoorwaardes en die tyd waarop betaling sou geskied. Die werkgewer moes aan werknemers se afhanklikes ook lewensnoodsaaklikhede verskaf indien hy in die eerste plek toegestem het dat die werknemers se afhanklikes hulle vergesel. By

109 Giliomee 1990:463.

110 Van Arkel *et al* 1983:44.

111 Theal 1900:52-56.

112 Theal 1900:211.

113 Die woord "Hottentot" is afgelei van 'n lied wat die Khoikhoi in die hawe vir fooitjies gesing het. In die Nederlandse taal het dit die betekenis van 'n ru en onbeskaafde mens verkry (Van Arkel *et al* 1983:33).

verstryking van die kontrak kon die werkgewer nie die vroue of kinders van werknemers as sekuriteit hou nie.

Bogenoemde voorbeelde was kenmerkend van die beleid van die Nederlandse en Britse regerings in Suid-Afrika om enersyds die inheemse bevolking die voordeel van vrye kontraktering by 'n dienskontrak te laat toekom en, andersyds, om hulle ter bevordering van die samelewingsorde in 'n ondergeskikte posisie in 'n tipe feodale verhouding te bind.

Beide die Nederlandse en Britse regerings aan die Kaap het streng reëls neergelê om werknemers teen uitbuitende praktyke te beskerm,[114] maar Britse en Nederlandse bewindhebbers het ook 'n belang gehad in 'n stabiele samelewing wat nie 'n las vir die moederkolonie sou wees nie. Dit was dus belangrik dat daar voldoende arbeiders sou wees om te verseker dat die produksie van veral voedsel vir die kolonie nie in die wiele gery sou word nie.[115]

In teenstelling met die dienskontrakte tussen wit en swart, het die verskillende regerings hulle selde bemoei met dienskontrakte van wit werknemers, waarskynlik omdat dit as 'n privaatregtelike aangeleentheid beskou is wat deur die gemenereg gereguleer moes word. Die persentasie wit werknemers wat by ander in diens was, was baie kleiner as die persentasie swart werknemers en die ekonomie van die kolonie was nie so afhanklik van eersgenoemde nie. Rassistiese beskouings het moontlik bygedra daartoe dat een stel reëls vit swart en 'n ander stel reëls vir wit werknemers gegeld het.

## 7. Slot

Die vroegste reëls wat in Suid-Afrika getipeer kan word as arbeidsregsreëls is gekenmerk deur dualisme. Een stel reëls het vir wit werknemers gegeld en 'n ander stel reëls vir swart werknemers. Die diensverhouding van wit werknemers is mettertyd gebaseer op die Romeinsregtelike *locatio conductio operarum* wat gekenmerk is deur vryheid om die kontrak te sluit en vryheid om dit te beëindig. Daarteenoor het die feodale stelsel, wat in die proses was om uitgefaseer te word in Nederland, ten opsigte van die diensverhouding van swart persone gegeld. Die rede hiervoor blyk te wees dat ongesofistikeerde inheemse swart persone wat geen besittings gehad het nie (die Khoikhoi) werk en veiligheid gesoek het by die besitters van grond (wit persone). Hierdie feodale verhouding het die vryheid van werknemers beperk en het 'n verandering in die status van sodanige werknemers meegebring.

Die posisie van inheemse (swart) werknemers het gedegenereer van 'n posisie waarin hulle vry was om 'n dienskontrak te sluit tot 'n posisie waar hulle gedwing was om in diens te tree by wit werkgewers. Dit is veroorsaak deur die gebrek aan grond wat vir die inheemse bevolking beskikbaar was om 'n selfstandige bestaan op te maak.

114 Kommissaris De Mist het verorden dat skriftelike dienskontrakte aangegaan moes word en koloniste se tugtigingsreg is aan bande gelê (Marais 1968:115).
115 Theal 1900:211.

Slawery het 'n besliste invloed gehad op die arbeidsverhoudinge aan die Kaap. Wit mense het die slawe en die Khoikhoi (persone met donker velle) met mekaar geassosieer. Die gevolg was dat wit mense, wat voortdurend arbeidstekorte ondervind het, mettertyd aanspraak gemaak het op die arbeid van vry swart persone. Maatreëls soos die inboekstelsel, paswette en die dopstelsel wat ingestel is om arbeidstekorte die hoof te bied, het die inheemse bevolking in 'n posisie soortgelyk aan dié van slawe gedwing.

Alhoewel die Britse en Nederlandse owerhede maatreëls ingestel het om die inheemse bevolking teen uitbuitende en verslawende praktyke te beskerm, het beide koloniale regerings ook sommige van die onderdrukkende arbeidsgebruike van die koloniste ter wille van stabiliteit en 'n konstante werksmag gesanksioneer.

## Bibliografie


BOESEKEN AJ (red)
1986. *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672*. Pretoria: Staatsdrukker.

BOTHA GC
1913. The common and statute law at the Cape of Good Hope during the 17th and 18th centuries. *South African Law Journal* 30:292-299.

1935. An 18th Century Law Library. *South African Law Journal* 52:169-182.

BOUCHER M
1991. Die Kaap onder die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Cameron T (red):1991:61-74.

BREDEKAMP H C
1982. *Van veeverskaffers tot veewagters: 'n Historiese ondersoek na betrekkinge tussen Khoikhoi en Europeërs aan die Kaap, 1662-1679*. Belville: Wes-Kaapse Instituut vir Historiese Navorsing.

CALITZ K
2000. Die minderwaardige arbeidsregtelike posisie van plaaswerkers in Suid-Afrika. *Industrial Law Journal* 21:793-812.

CAMERON T (red)
1991. *Nuwe geskiedenis vir Suid-Afrika*. 2de uitg. Johannesburg: Human en Rousseau.

DE BEER CJ
1996. The law of slavery, the predicament of the slave community at the Cape. *Fundamina* 2(2):222-235

DE GROOT
1926. *Inleiding tot die Hollandsche rechtsgeleerdheid*. 3de uitg met aantekeninge deur SJ Fockema Andreae. Boek 1 Deel 4. Arnhem: Van Appeldoorn.

DE SMIDT TH
1998. *Old Law Books from the libraries of the 'Raad van Justisie' High Court and J N van Dessin (South African Library)*. Leiden: Graffaria.

1981. 175 jaar Kaapse regspraak. *Acta Juridica*:83-92.

DE VOS W
1992. *Regsgeskiedenis*. Kaapstad: Juta.

DE WET JC
1958. Die resepsie van die Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Hedendaags Romeins-Hollandse Reg* 21-22:84-97; 162-174; 293-248.

DU TOIT A EN GILIOMEE H
1983. *Afrikaner political thought: Analysis & documents*. Vol 1. Claremont: Dave Philip.

ELPHICK R
1977. *Kraal and Castle: Khoikhoi and the founding of White South Africa*. Londen: Yale University Press.

ELPHICK R EN GILIOMEE H
1990. Die oorsprong van verskansing van blanke oorheersing aan die Kaap 1652-1840. Giliomee en Elphick 1990:535-583.

ELPHICK R EN MALHERBE VC
1990. Die Khoisan tot 1828. Giliomee en Elphick:1990:1-66.

FEENSTRA R EN ZIMMERMAN R
1992. *Das römisch-holländische Recht: Fortschritte des Zivilrechts im 17.und 18. Jahrhundert*. Berlyn: Duncker & Humblot.

FOURIE SA
1977. Die dienskontrak in die Suid-Afrikaanse arbeidsreg. Ongepubl LLD-proefskrif.Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

GILIOMEE H
1990. Die Oosgrens, 1770-1812. Giliomee en Elphick 1990:432-484.

GILIOMEE H EN ELPHICK R (reds)
1990. *'n Samelewing in wording 1652-1840*. 2de uitg. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

HAHLO HR EN KAHN E
1973. *The South African legal system and its background*. 2de uitg. Kaapstad: Juta.

HEPPLE B (red)
1986. *The making of labour law in Europe : A comparative study of nine countries up to 1945*. Londen: Mansell.

HEWETT M L
1999. A case or two in point. *Fundamina* 5:4-5.

HOSTEN WJ, EDWARDS AB, BOSMAN F EN CHURCH J
1995. *Introduction to South African law and legal theory*. 2de uitg. Durban: Butterworths.

JEFFREYS MK (red)
1944. *Kaapse plakkaatboek*. Deel 1 (1652-1707). Kaapstad: Cape Times Limited.

KAHN-FREUND O
1977. Blackstone's neglected child : The contract of employment. *Law Quarterly Review* 93:508-528.

MARAIS JS
1968. *The Cape Coloured People 1652-1937*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

MOLENAAR AJ
1953. *Arbeidsrecht*. Dele I en 11. Zwolle: W E J Tjeenk Willink.

NATHAN N
1904. *The common law of South Africa*. Londen: Butterworths.

NAUDE (red)
1951. *Kaapse Plakkaatboek 1803-1806*. Deel VI. Parow: Cape Times.

NEETHLING J
1954. Lone en die algemene ekonomiese posisie van Naturelle-plaasarbeiders. Referategelewer op die vyfde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra):60-68.

ROOS J DE V
1906. The Statute Law of the Cape in pre-colonial days, and some judicial decisions in relation thereto. *South African Law Journal* (xxiii): 242-254.

ROSS R
1979. The changing legal position of the Khoisan in the Cape Colony, 1652-1795. *African Perspectives* 2: 67-87.

1982. *Racism and colonialism*. Den Haag: Nijhoff.

1983. *Cape of torments: Slavery and resistance in South Africa*. London: Routledge & Kegan Paul.

1983. The first two centuries of colonial agriculture in the Cape Colony. *Social Dynamics* 9(1):30-49.

SCHOEMAN K
1999. *Armosyn van die Kaap: voorspel tot vestiging, 1415-1651*. Kaapstad: Human & Rousseau.

SELZNICK P
1980. *Law, society and industrial justice*. Herdruk 1969 uitg. New York: Russel Sage Foundation.

STOOP BC
1994. Werkers en werk in die klassieke Romeinse Reg. Ongepubl LLD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

SUID-AFRIKAANSE BURO VIR RASSE-AANGELEENTHEDE
1954. *Die naturel in die Suid-Afrikaanse landbou*. [S.l: s.n].

SWANEPOEL HL
1958. Oor die resepsie van die Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika. *Acta Juridica*:7-26.

TERBLANCHE SJ
1982. *Die wording van die westerse ekonomie*. 2de uitg. Pretoria: Academica.

THEAL GM
1900. *Records of the Cape Colony*. Vols 111 en X11. Kaapstad: Government of the Cape Colony.

1910. *Geschiedenis van Zuid-Afrika*. 4de uitg. Kaapstad: Maskew Miller.

1910. *The yellow and dark-skinned people of Africa south of the Zambesi*. New York: Negro Universities Press.

THOMPSON LA
1990. *A history of South Africa*. Wynberg: Radix.

VAN ARKEL D, QUISPEL GC EN ROSS RJ
1983. *De wijngaard des heeren? - Een onderzoek naar de wortels van die blanke baasskap in Zuid-Afrika*. Leiden: Martinus Nijhoff.

VAN DER VEN FJHM
1965. *Geschiedenis van de arbeid: oudheid en vroeg middeleeuwen*. Utrecht: Aula-boeken.

1967. *Geschiedenis van de arbeid: hoge middeleeuwen en nieuwe tijd*. Utrecht: Aula-boeken.

VAN ZYL CH
1907. The Batavian and the Cape Plakaten: an historical narrative. *South African Law Journal*:132-147.

VENTER PJ
1934. Die inboek-stelsel. *Die Huisgenoot* 1 Junie:25.

VENTER PJ (red)
1948. *Kaapse plakkaatboek*. Deel 11. 1707-1753. Kaapstad: Cape Times.

VISAGIE GG
1963. Die regsbedeling aan die Kaap onder die V O C 1750-1806. *Acta Juridica*:118-169.

1969. *Regspleging en reg aan die Kaap 1652-1806*. Kaapstad: Juta.

1974. *Die Leenreg in Holland*. Kaapstad: Juta.

WORDEN N
1982. Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century. *Kronos* 5:43-60.